

Skriflesing: Mattheus 21:23-32

Teks: **Mattheus 21:31**

Sing: Ps. 2:4,6; Ps. 19:4; Ps. 119:3,55; Ps. 89:11

Mat 21:23 En toe Hy in die tempel gegaan het, kom die owerpriesters en die ouderlinge van die volk na Hom terwyl Hy besig was om te leer, en hulle sê: Deur watter gesag doen U hierdie dinge, en wie het U hierdie gesag gegee?

Mat 21:24 En Jesus antwoord en sê vir hulle: Ek sal julle ook een ding vra, en as julle dit vir My sê, sal Ek julle ook vertel deur watter gesag Ek hierdie dinge doen.

Mat 21:25 Die doop van Johannes, waar was dit vandaan, uit die hemel of uit mense? En hulle het by hulleself geredeneer en gesê: As ons sê: Uit die hemel—dan sal Hy ons vra: Waarom het julle hom dan nie geglo nie?

Mat 21:26 En as ons sê: Uit mense—dan moet ons oppas vir die menigte, want almal hou Johannes vir 'n profeet.

Mat 21:27 Toe antwoord hulle Jesus en sê: Ons weet nie. Hy sê toe ook vir hulle: Dan vertel Ek julle ook nie deur watter gesag Ek hierdie dinge doen nie.

Mat 21:28 Maar wat dink julle? 'n Man het twee kinders gehad, en hy gaan na die eerste en sê: Kind, gaan werk vandag in my wingerd.

Mat 21:29 En hy antwoord en sê: Ek wil nie; maar later het hy berou gekry en gegaan.

Mat 21:30 Toe het hy na die tweede gegaan en vir hom net so gesê; en hy antwoord en sê: Ja, heer. En hy het nie gegaan nie.

Mat 21:31 **Wie van die twee het die wil van die vader gedoen? Hulle antwoord Hom: Die eerste. Jesus sê vir hulle: Voorwaar Ek sê vir julle, die tollenaars en die hoere gaan julle voor in die koninkryk van God.**

Mat 21:32 Want Johannes het na julle gekom in die weg van geregtigheid, en julle het hom nie geglo nie; maar die tollenaars en die hoere het hom geglo. En julle het dit gesien en tog nie later berou gekry om hom te glo nie.

Skriflesing: Mattheus 21:23-32

Teks: **Mattheus 21:31**

Sing: Ps. 2:4,6; Ps. 19:4; Ps. 119:3,55; Ps. 89:11

Geliefdes in ons Here Jesus Christus- In die vorige drie preke wat rondom Jesus se laaste week op aarde handel, dit wat vóór die Vrydag van die kruisiging plaasgevind het, staan ons vanoggend steeds by hierdie besondere Dinsdag. Vanaf die Sondag wat Jesus Jerusalem op die rug van 'n donkie ingery het, die Maandag by die vervloeking van die vyeboom, die reiniging van die tempel, was daar elke keer die brandende vraag na Wie Jesus werklik is, met watter gesag tree Hy op. Jesus word die Dinsdag uitgedaag om te bewys met watter gesag Hy optree en moet Hy bewys Wie Hom hierdie gesag gegee het. Hierdie uitdaging het Jesus met 'n teenvraag geantwoord deur te vra wie Johannes die Doper vir julle is en as julle die gesag van Johannes kon begrond deur sy doop aan die hemele te verbind dan sal Jesus kan wys Hy tree op met dieselfde hemelse gesag.

Dit het die Jode nie wou erken nie. Daarom het die Jode Jesus se teenvraag geantwoord deur te stel dat hulle nie weet nie. Die belangrikste vraag wat hulle veronderstel was om dadelik te antwoord het hulle geen swakker antwoord kon gee as wat daar gegee is nie. Hierdie

antwoord wat eintlik niks verdien as om hulle in die geheel te ignoreer nie, het Jesus egter nie daargelaat nie. Die rolle word nou omgekeer. Die mense wat Jesus heeltyd wil uitdaag oor Wie Hy waarlik is en met watter gesag Hy optree moet 'n slag na hulleself kyk. Wie is die mens, met watter gesag tree die mens op!

Hierdie gelykenisse (drie van hulle!) wat hier staan is soos 'n spieël waarin die Joodse leiers na hulleself moet kyk en besef wie is hulle, wat is hulle besig om te doen. Die éérste, die gelykenis van die twee seuns sal hierdie leiers al ontmasker vir wie hulle waarlik is. Die eerste van die gelykenisse is baie duidelik en op die man af. Daar is 'n pa en daar is twee seuns. Die pa het 'n werk wat hy vir die eerste seun gee om in die wingerd te gaan doen, maar die kind weier. Tog het hierdie seun na sy aanvanklike weiering spyt gekry en het hy gaan werk. Die tweede seun het dadelik vir sy pa, ja gesê, maar dit was maar net woorde. Hy het nooit gedoen wat hyself gesê het hy vir sy pa sal doen nie.

Uit hierdie baie eenvoudige voorbeeld wat Jesus hier voor die kerkleiers neersit is sy vraag watter van die twee seuns het werklik die wil van die pa gedoen. Die een wat nêe sê, maar tog later gaan, of die een wat ja gesê het, maar niks gedoen het nie. Waar die Joodse leiers die vorige keer geweier het om Jesus se teenvraag behoorlik te antwoord het hulle wel hierdie keer 'n vinnige antwoord. Na aanleiding van Jesus se vraag vanuit die gelykenis antwoord hulle vinnig en heeltemal reg ook dat die kind wat nêe gesê het, maar tog wel later dit gaan doen wat die pa gevra het, die kind het reg.

Dit het die godsdienstige leiers nie besef nie. Hoe staan hulle hier ontmasker want hulle moet hulleself in die posisie van die twee kinders plaas. Hulle wat leiers moet wees, hulle wat vir God ja gesê het, maar hulle doen dit nie wat hulleself met die mond voorgegee het nie. Hulle het vir God ja gesê maar toe die man van God, Johannes die Doper die weg tot regverdiging aan hulle wys toe aanvaar hulle hom nie en die weg nog minder. Hulle sien, maar daar is nie bekering, daar is geen ware geloof nie.

Terwyl die eerste seun wat nêe gesê het, maar tog spyt gekry het en wel die pa se opdrag gaan uitvoer het, watter beskamende voorbeeld word hy nie vir hierdie kerkleiers nie?! Agter die seun wat sê ek wil nie, staan hulle wat in die wêreld se oë die tollenaars en prostitute is, hulle wat onverantwoordelik met hulle lewe omgaan, hulle wat gedink het hulle moet maar net die lewe geniet, sonder enige besef van verantwoordelikheid. Toe Johannes die Doper se optrede

en preke hulle tref, toe verander hulle. Watter genade om te besef 'n mens kan verander. Hulle draai na die Here toe, daar is bekering, dit is hulle wat toe Jesus die stad binnegekroeg het, hulle Hom met die *Hosannas* begroet het. Hierdie mense gaan die wingerd van God, die koninkryk van God voor die vromes van die volk binne. Al was hulle aanvanklike gesindheid so verkeerd het hulle wel hulle lewens verander. Daar was berou, daar was bekering, dit is al wat nodig is.

Wanneer die spieël van hierdie gelykenis met sy volle glans na ons draai, broeder en suster, dan is ons elkeen voor die spieël. Ons kan na buite kyk en na hulle wys wat heeltemal buite die Kerk, los van die Woord van die Here grootgeword het. Mense wat lyk of hulle geen belangstelling het vir wat Jesus vir ons gedoen het nie. Moontlik was hulle ouers al so... waar dinge begin verkeerd loop het, is nie altyd so maklik om dit aan te dui nie. Baie van hierdie mense wat jou goed laat verstaan dat geloof en godsdiens is nie dinge waarvoor hulle wil praat nie. Hulle dreig selfs dat daar nie met hulle daarvoor gepraat mag word nie.

U ken elkeen sulke mense. U ken ook moontlik hulle wat by die omdraai in hulle lewe gekroeg het. Dalk is uself die een wat vir jouself moet afvra hoeveel van die eerste seun is daar nog in my oor? U onthou daardie dag wat jy jouself begin afvra het waarom lyk my lewe so? Waarom het ek so 'n gemors gemaak van dit wat veronderstel was om my lewe te wees? Daar waar die mens besef dat so kan dit nie aangaan nie.

Wanneer so iemand terugkyk na waar die omdraai was, waar ek nee gesê het, maar ja gedoen het, kan dit anders as om dadelik te erken dit is net God wat dit kon doen. Watter genade om dan terug te kyk en te weet die Here het geweet wanneer die omdraai sal kom. Die Here het my nie aan myself oorgelaat nie maar sy Woord deur sy Heilige Gees het die hart van klip verwyder. Om daarna te mag weet dat geen sonde is te groot vir die Here om dit weg te neem nie. Om in die Here se hande te wees maak dat niks met my kan gebeur waarby God nie betrokke is nie. Al voel ek hoe blootgestel, al is ek alleen, dit maak geen verskil in wat die Here vir my in my lewe wil beteken nie. Elk van die tollenaars en mense met die grofste sondes wat by daardie eerste seun geplaas kon word wat nee gesê het, maar uiteindelik omgedraai het, is hulle waarmee die Kerk van die Here gevul moet word.

Want 'n duidelike deel van die gesig van die valse Kerk is hulle wat die gesig van die tweede seun gedra het. Hoe baie mense wat ja sê maar dan glad nie doen wat die ja vooraf was nie.

Sulke mense wat die letter van die Wet ken en hulle gee baie voor oor hoe hulle daarby leef maar dit alles is net skyn. Hulle hart is nie op die tafel nie. Dit waarna God verwys, dit waarna die Here soek is nie die buitekant van jou en my lewe, al die voornemens en spoggerigheid wat ons mense mee kan beïndruk nie. 'n Groot deel, in Jerusalem dalk die grootste deel van hulle wat daar was, hulle was eintlik by hierdie tweede seun ingelyf. Die “ja-broers” wat so vinnig en voorbeeldig hulleself vir God se gebooie gee, hulle maak asof hulle so getrou is, maar waar dit gaan om waarlik die grootste gebod nl. die liefde, dan het hulle niks van hierdie gebod in hulle nie. Dit is hulle wat Jesus gekruisig het.... Ja, die foto van die tweede seun was en is steeds in baie opsigte 'n skynbare kerfotografie. Hierdie mense wat Johannes die Doper goed gehoor het, maar dit wat Johannes kom verkondig het, die werklike verandering wat daar in ons lewens moet plaasvind was daar nie, want het hulle geglo, so het hulle dit voorgegee, hy moet nie vir ons kom sê hoe ons lewens moet lyk nie, ons het mos ons kerk, ons het reeds ja gesê, ons sal nie verander nie. Die skok om dan te hoor die tollenaars en die prostitute is hulle voor, hulle wat nêe gesê het, maar ja gedoen het.

Wanneer ons die gebeure van hierdie Dinsdag in geheel voor ons plaas broeder en suster, dit wat daardie mense daardie Dinsdag toegevou het, wys die gevaar van vormgodsdienst, van formalisme, van allerhande seremonies en sg. goeie werke maar die werklik saak van God, die koninkryk van God is vir hulle gesluit. In net die vorige hoofstukke het ons te doen met die prys van ware dissipelskap. Die koninkryk wat aan die kindertjies behoort. Hulle wat hierdie koninkryk nie soos 'n kindjie ontvang nie, het daaraan geen deel nie (Vgl. Matt.19). Jesus het eintlik al met 'n vorige gebeurtenis aangetoon dat welvaart en status maak dit vir mens al moeiliker om die koninkryk van God in sy ware betekenis in te gaan. Die ryk jongman het dit onmoontlik gevind om dit prys te gee wat die koninkryk hom kos. Al het die jongman hoe 'n goeie lewe gelei en hy noem Jesus ook goed...*goeie Meester...* maar sy besittings was sy Achilles hiel.

Terwyl die mense wat wys hulle het die Here regtig nodig, hulle wat al met die prediking van Johannes hulle lewe omgedraai het, hulle wat laaste was wat nou eerste staan. Hulle is eerste daardie Sondag om Jesus die lof te bring, hulle is eerste om Jesus te erken vir Wie Hy waarlik is, hulle is eerste om die gesag van God in Christus te erken, hulle lewe wat so verkeerd was, hulle is nou eerste om die nee antwoord 'n ja lewe te maak. Die wat laaste was, is nou eerste Watter genade om dit te mag doen. Om so in die spore van die Here te kom daarvoor is bekering nodig.

Die vraag vir ons vandag is in watter mate worstel ek met die tweede seun in my?! Ons wat ons so voorbeeldig kan hou, ek het gelowige ouers, ek is werklik betrokke by die kerk soos ek dink die kerk moet wees, ek werk hard vir my geld, ek het sulke vinnige en selfs breed uitgewerkte antwoorde op vrae waarmee ander worstel, maar geliefdes laat ons mooi dink, hoe maklik en skynheilig sê ons ja, die ja word voorgegee maar in werklikheid opereer ek met 'n diep gefundeerde nee. Om daardie NEE, uitgeroei te kry is nie mensewerk nie.

Daar is ook hulle wat lank met die ja-antwoord gelewe het maar hulle harte het die nee vasgeklou. Wat word van ons, as dit na my kom? Ons raak dan later al hoe meer onverskillig, begin al hoe minder om te gee vir wat werklik van my verwag word, kom nie meer kerk-toe nie, of kom so min as moontlik om tog net nie daarvoor aangespreek te word nie, die 2de diens is nie vir my nie... ja hoeveel is daar onder ons wat dan eintlik nie meer vir God raaksien nie en dan sê hulle, die kerk gee niks om vir my nie, ek kry niks uit die kerk nie, dit help nie om te bid nie.

Geliefdes as ek onder hierdie seun my lewe vind, dan is die tyd om om te draai nie te laat nie. Laat die sondaars, laat die tollenaars en die prostitute wat genade vind, my oë oopmaak, laat ek nie afkyk op hulle nie, maar 'n slag opkyk na waar ons almal se hulp vandaan kom. Hulle wat nee gesê het, maar ja gedoen het. Hulle beweeg vorentoe en ons moet nie agterbly nie. Die Heilige Gees wat voor alles is, moet ons hierin vorentoe bring.

As iemand u sou vra, watter seun is u, wat sou u antwoord wees? Ons kan eintlik niemand ontken dat in my sit iets van albei hierdie seuns. Daar is egter 'n derde Seun, die Een wat hierdie gelykenis vertel. Danksy hierdie derde Seun moet ek na die twee seuns in my kyk. Ek moet daadwerklik omdraai en myself voor die spieël van hierdie gelykenis plaas. Die gelykenis wat ook vir jou vra, so begin die gelykenis- *Wat dink jy...?* Bekering het ten volle met denke te make. As ons van die eerste seun lees, *hy het berou gekry*, dan beteken dit letterlik hy het sy denke verander. Hy het toe die wingerd ingegaan, anders gesien, hy het die koninkryk van God ingegaan. Dit alles laat ons dadelik die Here vra, maak my anders, dank die Here dat daar 'n derde Seun is en wees soos Hy, die derde weg, die derde Seun, DIE WEG VAN GERECHTIGHEID, die Man van woord en daad.

AMEN